


Nagmaal



1 Korintiërs 11:23-25

²³ ...In die nag waarin Jesus verrai is, het Hy brood geneem ²⁴ en nadat Hy God gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam, dit is vir julle. Gebruik dit ter herinnering aan My." ²⁵ Net so het Hy die wynbeker ná die maaltyd geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond wat verseël is deur my bloed. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, ter herinnering aan My."





Hoekom gebruik die kerk nagmaal?



Nagmaal is...

- 'n Tyd van herinnering
- 'n Geleentheid om die Here te dank dat Hy aan die kruis gesterf het vir ons sonde.



Die nagmaal was ingestel deur Jesus Christus

- Jesus Christus het twee ordinansies vir die kerk ingestel.
- 'n Ordinansie is 'n "voorgeskrewe praktyk", iets wat Jesus die Kerk beveel het om te handhaaf en beoefen.
- Die Doop en Nagmaal is die enigste twee ordinansies wat Jesus Christus aan die Kerk voorskryf het om te onderhou.
- Die nagmaal was ingestel op dieselfde aand wat Jesus verraaai was. Net die volgende dag sou Jesus gekruisig word, ly en sy bloed vergiet word vir die mensdom se sondes. Ons kan lees wat Jesus gedoen het en wat in hiertoe nag gebeur het in...

✓ Matteus 26:26-30

✓ Markus 14:22-26

✓ Lukas 22:19-20

✓ 1 Korintiërs 11:23-25



Die rede hoekom ons nagmaal hou is omdat Jesus ons beveel het om dit te doen

- In 1 Korintiërs 11:23-25 gebruik Paulus die werkwoorde "ontvang" en "oorgelewer"
- ❗ Hierdie is tegniese terme vir die oordra van godsdienstige instruksies vanuit Paulus se Joodse agtergrond.
- ❗ Paulus maak die punt dat die opdrag rakende nagmaal van Jesus Christus self kom: ²³ Dit is wat die Here self gesê het en wat ek destyds aan julle oorgedra het net soos ek dit ontvang het.



Wat is die verskillende benamings vir die Nagmaal en wat beteken dit?



"Nagmaal"

- Samesyn, Deelname (1 Korintiërs 10:16)
- Nagmaal is iets wat alle gelowiges in gemeen het en saam aan deelneem

Communion
Nagmaal
The Lord's Supper The Lord's table Breaking bread



"Die tafel van die Here"

- Dit was aan tafel tydens die laaste maal wat die Here nagmaal ingestel het.
- Dit was aan tafel wat die Here brood gebreek het en die beker aangegee het
- Die "benaming" word gevind in 1 Korintiërs 10:21



"Avondmaal/ Pasgamaal"

- Op die aand voor Jesus gekruisig was, het hy 'n maaltyd saam met sy dissipels geëet en na die maaltyd het Jesus die nagmaal ingestel.
- Die "benaming" word gevind in Lukas 22:20 & 1 Korintiërs 11:25



"Die Breking van Brood"

- Dit is wat Jesus gedoen het toe Hy die nagmaal ingestel het. (Mattheus 26:26)
- Die "benaming" word gevind in Handeling 2:42



Wat word deur die Nagmaal uitgebeeld?

1 Korintiërs 11:23-25

²³ ...In die nag waarin Jesus verraaï is, het Hy brood geneem ²⁴ en nadat Hy God gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam, dit is vir julle. Gebruik dit ter herinnering aan My." ²⁵ Net so het Hy die wynbeker ná die maaltyd geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond wat verseël is deur my bloed. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, ter herinnering aan My."

"Hy het... brood geneem" - "Dit is my liggaam"

- ➔ Die brood is 'n simbool (teken) van Christus se liggaam
- ➔ Wanneer ons die brood neem moet ons dink aan Sy liggaam en wat Hy vir die mensdom gedoen het toe Hy aan die kruis gesterf het.

1 Petrus 2:24

²⁴ wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.

1 Petrus 3:18

¹⁸ Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring — Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees

"Hy het... die wynbeker...geneem" - "Hierdie beker is... My bloed"

- ➔ Die beker/wyn is 'n simbool (teken) van Sy bloed.
- ➔ Wanneer ons die beker/wyn neem moet ons dink aan Christus se bloed en hoe Hy dit gestort het as betaling vir die mensdom se sonde.

Matteüs 26:28

²⁸ Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

Efesiërs 1:7

⁷ In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,



Toe Jesus Sy bloed op Golgota gestort het...

- ➔ Het sy Bloed die Nuwe Verbond, wat Jeremia voorspel, bevestig. (Jeremia 31:31-34)
- ➔ Die Nuwe Verbond die Ou Verbond(verbond met Moses) vervang. (Hebreërs 8:8-13; 9:18-28).
- ➔ Alhoewel die Jode die hoofbegunstigdes sal wees van die Ou Verbond tydens die Millenium Koningryk, het alle gelowiges reeds voordeel begin put uit die dood van Jesus Christus.

When Christ established the Lord's Supper it was as though He notarized His will; it became official then. The will is the New Covenant. When He died His "estate" became available to those He chose to profit from it. Soon many people around the world, Jews and Gentiles in the church, began to benefit from the blessings of His death. However His chosen people, His son Israel, will not enter into their inheritance until the appointed time, namely the Millennium. Blessings for the church began almost immediately after Christ's death. Blessings for Israel will not begin until Christ's appointed time arrives. - *Tom Constable's Expository Notes on the Bible*



Wie moet almal deelneem aan die nagmaal?



Jesus het nie aan almal die opdrag gegee om die brood te eet en die beker te drink nie.



Dit was 'n opdrag wat Hy net aan Sy dissipels gegee het.



Handelinge 2:41-46... Dit was gelowiges wat deelgeneem het aan die “breking van die brood”



1 Korintiërs 11:23-25 was geskryf aan die kerk...met ander woorde gelowiges



Wat beteken dit om die brood te eet en van die beker te drink op 'n onwaardige wyse?

1 Korintiërs 11:27

²⁷ Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.



“onwaardige” verwys na die gemoedstoestand waarmee 'n persoon na die Tafel van die Here kom.

- Natuurlik, vanuit onself is ons heeltemal onwaardig. (**Romeine 3:23**)
- Maar ons vind aanvaarding in die Waardige Een en in Christus is elke gelowige waardig/bevoeg om die Tafel van die Here te nader. (**2 Korintiërs 5:21**)

Voorbeeld:

Terwyl jy deelneem aan die nagmaal:



Dink jy nie aan jou Redder nie...



Maar eder aan 'n duisenden ander dinge...



En jy hou aan met hierdie gedagtelyn terwyl jy voortgaan met nagmaal

☹ Dan neem jy deel aan nagmaal in 'n onwaardige manier.



Dan word nagmaal 'n nuttelose godsdienstige ritueel.



Om deel te neem aan nagmaal met so 'n gesindheid is onwaardig



Om “skuldig te wees aan die liggaam en bloed van die Here” beteken...



Om skuldig te wees van die behandeling van hulle in 'n onwaardige wyse



Om skuldig te wees van die ontheiliging van “die liggaam en bloed van die Here”.



Dit beteken nie dat so'n persoon op een of ander spesiale manier verantwoordelik was vir die dood van Christus nie.



Wat beteken dit om jouself te ondersoek (beproe) tydens die nagmaal?

1 Korintiërs 11:28

²⁸ Maar die mens moet homself **beproe** en só van die brood eet en uit die beker drink.

beproe = “*dokimazeto*” (Grieks) = “toets om goed te keur”

Die rede vir selfondersoek is:



Om seker te maak dat ons deelneem op 'n waardige wyse...

...en nie op 'n onwaardige wyse nie.



Is daar enige iets in ons lewens wat nie God se goedkeuring wegdra nie?



Dit sal insluit...



Die omvang & belangrikheid besef van die Here se liggaam & bloed.



Om ons sonde wat aan ons bekend is bely.



Wat kan gebeur as ek nie nagmaal ernstig op neem nie?

1 Korintiërs 11:29-32

²⁹ Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. ³⁰ Daarom is daar onder julle baie swakkes en siekliques, en 'n aantal het ontslaap. ³¹ Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. ³² Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.



Ons moet onself ondersoek...

...sodat die Here ons nie hoef te ondersoek en oordeel nie

...sodat ons nie op 'n onwaardige manier die nagmaal gebruik nie

Die gelowiges in Korinte wat nagmaal geneem het sonder om te bekeer van die sonde waaraan hulle bewus was, het oordeeling vanaf die Here ontvang. In 1 Korintiërs 11:30-31 sien ons dat as gelowiges nie hulle eie sonde beoordeel, sal God, uit Sy liefde en geregtigheid, vir hulle beoordeel. Hierdie oordeeling kan fisiese siekte of selfs, in uiterste gevalle, voortydige dood behels (see: Acts 5; 1 John 5:16).



Wat is 'n goeie manier om die nagmaal te benader?

#1 Ons moet terug kyk in die geskiedenis

1 Korintiërs 11:23-25

²³ ...In die nag waarin Jesus verraai is, het Hy brood geneem ²⁴ en nadat Hy God gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam, dit is vir julle. Gebruik dit ter herinnering aan My." ²⁵ Net so het Hy die wynebeker ná die maaltyd geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond wat verseël is deur my bloed. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, ter herinnering aan My."

2 Korintiërs 5:21,

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.

➔ Die gebreekte brood **herinner ons** aan Christus se liggaam wat vir ons geoffer is. (1 Petrus 2:24)

➔ Die beker **herinner ons** aan Christus se bloed wat vir ons gestort is. (1 Petrus 1:18-19 & Efesiërs 1:7)

#2 Ons moet vorentoe kyk in die toekoms

1 Korintiërs 11:26

"Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom"

Titus 2:13

"terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlijkheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus"

➔ Ons gebruik die nagmaal tot die Here kom om ons te haal.

➔ Die terugkoms van Jesus Christus is 'n vaste hoop van elke gelowige en die kerk.

#3 Ons moet inwaarts in onself kyk

1 Korintiërs 11:28

Maar die mens moet homself **beproof** en só van die brood eet en uit die beker drink.



Paulus het nie gesê dat ons waardig moet wees om die nagmaal te gebruik nie



Paulus het gese dat ons dit op 'n waardige wyse moet gebruik.



Om dit op 'n waardige wyse te gebruik moet ons:

➔ Ons harte deursoek

➔ Seker maak dat ons nie onbelyde sondes in ons lewens het nie

➔ Indien wel, moet ons dit bely voor die Here

Les #7



Wat beeld die nagmaal uit?



Wie mag die nagmaal gebruik? Wie mag nie die nagmaal gebruik nie?



Wat doen die nagmaal aan 'n persoon wat dit gebruik?



Hoekom gebruik 'n gelowige deurlopend die nagmaal?



Hoe sal jy die nagmaal aan iemand verduidelik wat onlangs Jesus Christus as sy persoonlike Verlosser en Saligmaker aangeneem het?

